

SARS bly sy slag wys met inkomste-invordering

Tshwane, 22 Februarie 2023 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het die verhoogde inkomste-invorderingskatting, wat deur minister van finansies, mnr. Enoch Godongwana, aangekondig is, aanvaar. In sy 2023-begrotingsrede, het die minister die inkomsteskatting tot R1.69 triljoen verhoog, 'n verhoging van R93.7 miljard van die Februarie 2022-begrotingsrede.

Die fiskale ruimte vir die minister om die inkomsteskatting te verhoog, bewys die veerkragtigheid van die Suid-Afrikaanse belastingbasis en die gefokusde prestering van SARS in die vervulling van sy mandaat. Deur sy administratiewe bekwaamhede, het SARS, en gaan dit voort met die ontplooiing van 'n aantal geteikende en gefokusde pogings gemik op die vorming van 'n algehele nakomingslandskap. Dit word uitgevoer deur vaardige personeel, tegnologiese, kunsmatige intelligensie en masjien-aanlering.

Die verbeterde inkomste-invordering het die minister in staat gestel om belastingverligting van meer as R20 miljard te bied aan beide individue en maatskappye om die reaksie op energie-uitdagings te steun en om te bereken vir inflasie belastingaapassing. Vir individue sal dit belastingverligting insluit vir die installasie van sonpanele en die uitbreiding van 'n hernubare energiebelastingaansporing vir maatskappye. Die diesel brandstofverligting word gebruik om die ongunstige uitwerking van verhoogde voedselpryse teen te werk.

Dit is bemoedigend dat die onlangse onafhanklik-uitgevoerde meningspeiling verhoogde vertroue in SARS se werk van tot 74% gerapporteer het. Hierdie verbetering kommunikeer die stolling van 'n kompak tussen SARS en belastingpligtiges. SARS sal voortdurend hard werk om helderheid en sekerheid te verskaf aan belastingpligtiges deur dit maklik en moeiteeloos te maak om met die organisasie sake te doen.

SARS het begin om 'n ferm fondasie te lê om die verhoogde inkomsteskatting te behaal deur die samestelling van data-gedrewe insigte, kunsmatige intelligensie en tegnologiese infrastruktuur. Die werk van ons vaardige personeel word al hoe meer aangevul deur kunsmatige intelligensie, terwyl roetine-werk geoutomatiseer is.

Dit is 'n reis van 'n herverbeelde SARS wat 'n slim, moderne SARS is met onbetwisbare integriteit, vertrouwd en bewonderd. Sodanige tegnologie en instrumente help om helderheid en sekerheid te verskaf en maak dit maklik en moeiteeloos om met SARS sake te doen, asook om bedrog na te speur en te ontmoedig. Dit dien ook om dienslewering aan belastingpligtiges te verbeter ingevolge ons leuse van "die beste dienslewering is geen dienslewering nie", wat ons obsessie met dienslewering reflekteer.

Hierdie nuwe tegnologie het gelei tot meer as 3 miljoen belastingpligtiges wat outomaties aangeslaan is, en 'n versnelde betaling van terugbetalings aan 75% belastingpligtiges binne 72 uur. Dit bewys die belangrike kruising van menslike inspanning en tegnologie ter voordeel van belastingpligtiges.

Die hoë-nettowaarde individue- en grootsake- en internasionale afdelings het SARS geë-posisioneer om steeds gesegmenteerde en aangepaste dienste aan individue en besighede te verskaf. Dit sal hierdie segmente help om hul nakoming te verbeter en inkomste-invordering te verskerp. SARS verhoog sy fokus op alle areas van nakoming, insluitend plaaslike en buitelandse basis-erosie en winsverskuiwing.

SARS werk ook nou met ander inkomste-administrasies saam deur die outomatiese uitruil van inligting oor buitelandse rekeninge wat deur menige Suid-Afrikaners gehou word. Menige hoë-nettowaarde individue, soos waargeneem deur hul verklarings en blootleggings, verdoesel gereeld hul ware rykdom. SARS sal sy toegewyde fokus op hierdie segment volhou.

Belastingpligtiges word aangemoedig om hul belastingsake te regulariseer deur voordeel te trek uit die vrywillige blootleggingsprogram (VBP) beskikbaar aan kwalifiserende individue, maatskappye of trusts wat hul belastingsake vrywilliglik wil blootlê. Hierdie stap is in lyn met SARS se strategiese oogmerk wat verlang om helderheid en sekerheid aan belastingpligtiges te verskaf en dit ook maklik en vaartbelyn vir hulle te maak om hul verpligtinge na te kom.

Sedert die 2022-begrotingsrede, het die ekonomiese uitdagings wat die land in die gesig staar 'n massiewe hindernis vir ekonomiese groei, werkskepping, die vermindering van armoede en ongelykheid geword. SARS se inkomste-invordering bly die versagterende faktor wat 'n stabiele fiskale raamwerk moontlik maak.

Daar is 'n werklike risiko wat die ekonomie in die gesig staar. Beurtkrag het 'n meetbare impak op die ekonomie wat inkomste-invordering direk beïnvloed. Die afwisselende elektrisiteitstoevoer beïnvloed die algehele winsgewendheid en beperk die groei van groot en klein besighede. Beurtkrag skep egter ook nuwe geleenthede met die regering wat beoog om die gebruik van hernubare energie te versterk. Terwyl grootsake tot 'n mate skuif jeens self-generering van energie, sal dit 'n positiewe nadraai hê vir SARS deur moontlike invoere.

Ons ekonomie staar massiewe uitdagings in die gesig. Ten spyte van die uitdagings, het die finansies-, eiendom- en sake-segmente drywend gebly met 'n groeikoers van 4%. Die bydrae van vervoer en kommunikasie het bly groei tot 8.9%. Die vervaardigingsektor toon ook positiewe tekens, hoewel van 'n lae basis. Die mynbousektor het begin om tekens van afneem te toon, maar die bydra bly aansienlik hoër as die voor-covidtydperk.

Maatskappye en persoonlike inkomstebelasting, asook handelsbelasting word verwag om noemenswaardig by te dra tot die verhoogde inkomste-invordering. Ingevolge SARS se inkomstebestuurstelsel, is die addisionele inkomstes 'n funksie van belastingadministrasie bekwaamhede asook die verbetering van belastingpligtiges se nakomingsgedrag.

Ons verwelkom die minister se aankondiging van addisionele bevondsing aan SARS wat gebruik sal word vir die verskerping van ons vaardigheidsbasis en om ons moderniseringsreis te versnel, veral om ons kapasiteit aansienlik te verskerp asook ons vermoë om die onwettige ekonomie te beveg, veral onwettige sigarette, brandstof en alkohol

SARS glo dat meeste belastingpligtiges eerlik is en nakomend sal wees met die nodige hulp om hul wetlike verpligtinge na te kom. Hoewel menige belastingpligtiges tekens toon jeens skuif na SARS se strategiese oogmerk van vrywillige nakoming, is daar ongelukkig steeds meer werk wat gedoen moet word om diegene aan te spreek wat steeds nienakomend is.

Na jare van staatskaping en herbestemming van die organisasie om korrupsie aan te spreek, maak SARS steeds aansienlike verbeterings. Die inkomste verwagtinge van die minister verteenwoordig sy vertrouwe in die herbou van SARS en doelgerigte stappe om 'n nakomingsprogram te implementeer wat wonderlike resultate volhou.

SARS maak dit duur en moeilik vir belastingpligtiges wat opsetlik nienakomend bly. Daar was konstante vordering oor die afgelope drie jaar. Vir die jaar tot datum tot einde Januarie 2023, het ons meer as 4 742 doeanebeslagleggings waargeneem met 'n totaal van R2.9 miljard. Algeheel, het doeane-nakomingspogings R10.4 miljard ingehark - R3.8 miljard in kontant en voorkoming van lekkasies ter waarde van R6.6 miljard. SARS het meer as 178 sake oorhandig aan die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG). Daar is 94 gefinaliseerde sake met 92 skuldigbevindings, waarvan 10 vonnisse van direkte tronkstraf, van 75.5 jaar in totaal, gehad het, met twee opskortings. Die skuldigbevindingskoers is 97.8%.

Met 'n veranderde en veranderende omgewing in gedagte, volhard SARS in die verkenning van alle weë van inkomste-invordering. Ons werkswêreld het onherroeplik verander. Daar is nuwe sektors in die ekonomie wat nooit in die vooruitsig gestel is nie, en ons wetgewende omgewing is nog nie effektief aangepas vir hierdie nuwe werkswêreld nie.

Die gig-ekonomie, die rol van sosiale media beïnvloeders en die uitbrei van die digitale ekonomie, het die paradigma verander wat die wêreld van werk en ontspanning definieer. Die hibriede model, wat werk van die huis en kantoor aanbetref, het 'n norm geword. Daarom sal dit 'n area van fokus vir SARS wees.

Die beweging van mense en kapitaal in en uit lande, is gekoppel aan die geglobaliseerde wêreld waarin ons lewe en is nie uniek aan Suid-Afrika nie. Data tot ons beskikking dra nie 'n verskynsel van massiewe migrasie oor nie. Ons sien ewe

veel beweging van mense en kapitaal in en uit die land. Hoewel hierdie 'n area is om dop te hou, het die netto belasting impak neutraal gebly.

SARS sal geen pogings ontsien om ons inkomste-invorderingsmandaat uit te voer ter nastreef van ons hoër doelwit, wat behels die invordering van alle inkomste wat verskuldig is om 'n regering te bou wat in staat is om die burgers van ons land te dien en regmatige handeldryf te fasiliteer nie.

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.